Project name: AL3283

Date of interview: 5 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 5 minutes 2 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Director Henk Heslinga

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_HESLINGAHENK_20091005_1

| | |
|---|---|
| De Wet | Ek sit hier en gesels met direkteur Henk Heslinga, afgetrede polisie-offisier wat destyds, dit is nou vandag Maandag 5 Oktober 2009. Direkteur Heslinga was destyds tewwede-in-bevel van dieSoweto moord-en-roof toe Winnie Madikizela-Mandela se persoonlike dokter, dokter Abu- Baker Asvat in ’n rooftog in sy spreekkamers vermoor is. Nou daar was baie bewerings gewees dat Winnie Mandela betrokke was by die moord en dat en dat daar oor politieke redes opdrag gegee was dat hy doodgemaak moes word. Nou Henk, kan jy net bietjie vir ons vertel die omvang van die ondersoek en wat was jou uiteindelike bevindings oor die bewerings teen Winnie Mandela. Asseblief. |
| Henk | Ja, so twee dae na die moord, Walter Sisulu se vrou was die ontvangsdame van dokter Asvat. Sy het vir ons ’n beskrywing gegee van die twee verdagtes en dit was al inligting wat ons gehad het en so twee dae na die tyd het ’n induna van ’n hostel, ’n Zoeloe-hostel in Soweto, het ons genader en gesê daar is twee mannetjies wat van Natal weggehardloop het vir ’n gewapende roof en hulle kruip hier in die hostel weg en hulle het gesê dat hulle ’n dokter doodgeskiet het in Soweto.<br>En ons het toe met die die Zoeloe-hoofman gereël en die volgende oggened vroeg het hy en van sy impiis die twee |

| | |
|---|---|
| | mannetjies die oggend daar by ons kantoor aan gebring. En ons het hulle ondervra en hulle het die moord erken, hulle het die plekke gaan uitwys en bekentenisse gaan aflê en ons kon hulle toe verbind met die moord.<br>Ons het nooit die vuurwapen teruggekry nie. Hulle twee was afkomstig van Nkantla in Natal waar hulle ook ’n gewapende roof gepleeg het en waar hulle toe gesoek was.<br>Bewerings deur Asvat se familie is gemaak dat Winnie Mandela betrokke is omdat Asvat het vir Stompie Seipei ondersoek voordat hy dood is en toe het hy blykbaar vir Winnie aangespreek om te sê dat hierdie Stompie Seipei het baie, baie seer gekry en daar was blykbaar bietjie ’n bekgeveg tussen hulle twee, maar die inligting het ook gekom dat Asvat en Winnie was op ’n stadium lovers, maar dit kon nooit bewys gewees het nie.<br>Ek het baie saam met die Asvat-familie gewerk en sy broer ook ’n dokter Asvat van Carletonville. Ek en hy het alle paaie probeer vreken en probeer om te bewys dat Winnie Mandela betrokke was by die moord, maar altwee die beskuldigdes het dit ontken dat hulle betrokke was met Winnie Mandela.<br>Ek het, die saak is toe hooggeregshof toe en albei is toe ter dood veroordeel. Ek het toe kennis gekry dat die twee gaan tereggestel word. Dit is seker maklik ’n jaar na die vonnis en ek het besluit ek gaan dodeselle toe, ek gaan die twee sien.<br>Ek het toe na Pretoria na die dodeselle toe gegaan en ek het vir altwee gevra was Winnie Mandela betrokke by die saak.<br>Ek sê vir julle nou dat indien julle vir my ’n beëdigde verklaring gee dat Winnie Mandela betrokke sou wees sal ons die verrigtinge, die teregstelling stop.<br>Die teregstelling is toe gestop hulle het op 99 amnestie gekry, of die doodstraf is toe herroep. Hulle is toe nie tereggestel nie.<br>Maar daar het hulle reguit vir my in die oë van die dood, het hulle vir my gesê Winnie Mandela was nie betrokke nie en ek het so voor die Versoeninhskommissie, die volbank Versoeningskommissie het e kook getuig.<br>Ek het dieselfde gesê en ek weet die uitspraak van die Versoeningskommissie het my getuienis aanvaar en dat hulle is tevrede dat die getuienis wat voor die kommissie was, is dat Winnie Mandela nie betrokke is met die Asvat-moord nie. |